c/o L&L Agricultural Services
Grain Building Agri-hub Office Park
477/478 Witherite Street
DIE WILGERS
Pretoria
0184

SAWCIT
SOUTH AFRICAN WINTER CEREAL INDUSTRY TRUST

Reg no. IT 1138/10
VAT no. 4340294588
P.O. Box 74626
LYNNWOOD RIDGE
0040
Tel: +27 (12) 807-3958
e-mail: sawcit@llagric.co.za

Geagte Wintergraan Produsent

Ek is vanaf 1 Oktober 2022 aangestel as die Bestuurder: Heffings Kommunikasie van SAWCIT (South African Winter Cereal Industry Trust). Hierdie Trust het sy ontstaan gehad na die beëindiging van die Wintergraan Trust in 2020. Met die debakel van die Wintergraan Trust nog steeds nie afgehandel nie, is besluit om SAWCIT 'n vrywillige fonds te maak waarin NET die bydraers seggenskap het.

Wie dra by tot die fonds? Die Meulenaars en Bakkers op die ingevoerde koring (ongeveer 1.5 miljoen ton vir die seisoen) sowel u as PRODUSENT van plaaslike koring, gars en hawer.

Wat word befonds deur SAWCIT?

- **SAGIS** – wintergrane befonds pro rata tot die grootte van die bedryf.
- **SAGL** – hierdie is krities belangrik vir die koringbedryf vir kwaliteits-analises op plaaslike sowel as ingevoerde koring.
- **Wheat Forum** – klein bydrae hier, maar noodsaaklik om 'n platform te skep waar die hele bedryf om een tafel kan sit en debateer.
- DAN DIE BELANGRIKSTE: **NAVORSING** - die grootste gedeelte van die fondse gaan hiervoor.
    - Tegnologie oordragte
    - Koring teelprogramme by die Universiteit van Stellenbosch
    - Genetiese merker by Cengen
    - LNR vir noodsaaklike navorsing
    - Produksie praktyke deur die Departement Landbou Wes-Kaap
    - Oesbeskerming deur navorsing op luise, swam weerstand en effektiwiteit.

  Navorsing is baie belangrik vir nou, maar ook vir die toekoms. Ja, vir die geslagte na ons wat steeds voedsel (wintergrane) moet produseer.

Die Raad van Direkteure bestaan uit: 2 x Graan SA (1 vir koring en 1 vir gars), 1 van Meulenaarskamer, 1 van Chamber of Baking, 1 van Agbiz Grain (opbergers) en 1 Verbruiker.
Daar is n tegniese komitee aangestel wat verantwoordelik is vir alle navorsing en aanbevelings asook vrystelling van nuwe kultivars. Hierdie komitee bestaan uit 'n Voorsitter, 2 van Graan SA, 2 Meulenaars, 2 Bakkers, 1 LNR, 1 Graansilo industrie, 1 SAGL en 2 Koringtelers.

Die heffingsbedrae vir hierdie seisoen is vasgestel vir **koring en gars op R14.50 per ton** en **R6.00 per ton op hawer**. Gee groot asseblief toestemming dat u graanhandelaar of opberger die gelde (slegs 0,3% van 'n koringprys van R5 500.00) aftrek tydens lewering, of as u alternatiewelik eerder 'n faktuur verkies, kontak my per epos by toit@grainsa.co.za of 082 658 6552.

Vir enige navrae of meer inligting oor SAWCIT en die belangrikheid van die Trust se fondse, kontak my gerus. Ek is ook beskikbaar om op u plaaslike boereverenigings se vergaderings te kom praat daaroor. **'N VOORSPOEDIGE OESTYD WORD JUL ALMAL TOEGEWENS!!!**

Groete



Du Toit Wessels